DURBANVILLE GEMEENTE



blitSIG

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 18 Maart 2018	VOLGENDE WEEK 25 Maart 2018
		Teks: Johannes 12: 20-33	**Teks: Markus 15:1-39**
09:00	**Klassieke Diens** (Kerk)	Ds. Rian Verster	Dr. Tinus van Zyl Nagmaal
09:00	**Familiediens** (Sentrum) **Jeuggroepe** **Voorskool tot Gr. 5**	Gemeente Kamp	Ds. Jana Dickason Nagmaal
18:00	**Aanddiens** (Kerk) **Jeuggroepe Gr. 6 – 11**	Ds. Jana Dickason	Kruisstap Nagmaal Ds. André Agenbag

Sondag 25 Maart: Palmsondag – Kruisstap ***Nagmaal***
Vertrek 17:30 vanaf Kerkgebou na Maastricht Plaas

Maandag en Dinsdag, 26-27 Maart: Stasies van die kruis
06:00 – 10:00 en 18:00 – 20:00 by die Kerkgebou

Woensdag, 28 Maart, 19:00: Laaste Avondmaal
Slegs 50 plekke beskikbaar.
Koste: R150 per persoon.
Besprekings by kerkkantoor.

Vrydag, 31 Maart: Goeie Vrydag: Nagmaal
Prediker: Tinus van Zyl

Sondag, 1 April: Paasfees: Doop
Prediker: André Agenbag

BAIE WELKOM BY DURBANVILLE GEMEENTE!

Ons verwelkom graag alle nuwe lidmate en besoekers vanoggend!
Ons hoop dat jy gou tuis sal voel in ons gemeente. Indien jy enige inligting verlang of vrae het oor die gemeente, is jy welkom om ons **"Inligtingstoonbank"** by die gemeentesentrum te besoek.

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmate wat siek is of behandeling ontvang:

- Charlie Meyer
- George Heunis
- Frikkie Cloete
- Elize Schouten
- Erma Burger
- Hennie Fick

Ons innige simpatie met die afsterwe van:

- Marie Conradie (Huis Aristea)

OFFERGAWES BY DIE DEURE

*Vandag se spesiale offergawe gaan aan **Alta du Toitskool***

Die **Alta du Toit-skool in Kuilsrivier** gee onderrig aan leerders (ouderdom 6 tot 18 jaar) wat intellektueel erg gestremd is en nie in hoofstroomonderwys met akademiese vakke kan aanpas nie. Die skool bied aan leerders uit alle kulture die beste geleentheid om volgens hulle eie vermoë en tempo te ontwikkel. Gemeentes se ondersteuning dra daartoe by dat leerders 'n vol lewe kan geniet in 'n skool waar daar spesiaal na hulle unieke behoeftes omgesien word.

Die Bestuurder (Me H van Niekerk) **|** 021-903-7744 **|**
assistant.development@altadutoit.com www.altadutoit.com

DURBANVILLE / DURBANVILLE - BERGSIG SENIOR KLUB

SONDAG 25 Maart 2018
Uitstappie na Kunste Kaap – "West Side Story"
LET WEL: Bus verstrek om 12h00 vanaf **DURBANVILLE - BERGSIG GEMEENTE**

R100 per lid vir die uitstappie na "Butterfly World" op **26 April 2018** is op die bus betaalbaar, in 'n koevert met u naam daarop asb.

Enige navrae in bogenoemde verband kan Sarel by: Tel: 021 975 4780 gekontak word.

GR 2'S REIK UIT:

Beste ouer, let op dat ons julle hulp nodig het om tydens die diens Gr. 2's aan te ry of saam met hulle te stap na die polisiestasie toe. Ons Gr.2's is besig om dankie sê briefies te maak vir die polisie en wil dit met hul Kategese afsluiting 25 Maart gaan afgee. Kontak Ds. Jana Dickason as jy bereid is om te help: 021 975 6370 of jana@durbanvillegemeente.co.za

Almal is welkom. Dis die perfekte geleentheid vir ouers en tieners om saam te kamp. Ek nooi ook die gemeente uit om betrokke te raak. Imagine benodig elke jaar jonk en oud hande om hulle by te staan gedurende die naweek. Inskrywingsvorm kan gekry word op ons webwerf:
http://durbanvillegemeente.co.za/blad/groepe/tieners.php

As jy meer wil weet kontak Ds. Jana Dickason: 021 975 6370

OMGEEDIENS

Deel dank en waardering:
Ons het op 25/2/2018 hartseer nuus gedeel met afsterwe van 'n juffrou en familie (9 mense) van Fisantekraal. Die Omgeediens lewer steeds ondersteuning aan die familie.

Hartlike dank vir skenkings:
Reddam House Privaat Skool: 'n kattebak vol kos en klere. Drie Gr 11 klasse het o.l.v. hul juffrou 'n uitreik vir 'n verdienstelike saak geloods en bg behoefte is gekies;
Lidmate: nie-bederfbare voedsel;
Die Parke Gemeente se Barmhartigheidsgroep vir begrafnisklere en voedsel

Behoeftes:
Nie-bederfbare voedsel en toiletware ens.
Die 21-jarige suster (van oorledene) soek werk as huishulp. Kontak asb vir Esther by kerkkantoor: 021 975 6370

IMAGINE 2018 GEBEDSSTASIES

Ons gemeente behartig een van die gebeds stasies tydens Imagine 2018. Ons vra donasies van ou spieëls en witbord merkers. Daar is 'n verdere "wens lysie" vir die fees op ons webtuiste indien julle daarna kan loer sal ons baie dankbaar wees. Kom ons help om hierdie fees in te kleur met elkeen van ons se bydraes!

Borg 'n Imagineer! As jy 'n tieners wil help om die fees by te woon kan jy 'n bydrae maak deur 'n inbetaling te maak met die verwysing Imagine 2018. Die kostes van die kamp beloop R570, maar enige donasies word waardeer. Ons sal dit tussen die kinders wat dit nodig het verdeel!

Durbanville Gemeente

Durbanville Gemeente

VROUE-OGGEND

saam met Milan Murray

Laat jou onderrok uithang

Aktrise en skrywer Milan Murray gee 'n komiese blik op die streng moets en moenies van haar kinderjare. Sy daag die hedendaagse vrou uit om haar eie grenslyne te trek en op te hou tob oor 'wat die mense sal sê'.

Saterdag 12 Mei | Koste: R200p.p.

8h30 vir 9h00 | Durbanville Gemeente Sentrum

Ons is op soek na 20 gasvrouens om eienaarskap te neem van 'n tafel en die dek daarvan te behartig. Vul die tafel van 8 met jou vriendinne en versier die tafel na jou smaak - solank 'n Badisa poppie deel uitmaak van jou ontwerp.

Bespreek by kerkkantoor 021 975 6370 of e-pos ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

Oggendtee ten bate van Badisa Trio
kinderbeskermingsorganisasie – badisatrio.co.za

HEINZ WINCKLER
KOM SING EN GESELS OOR:
Wie is Jesus vir jou?
15 APRIL 18:00
DURBANVILLE GEMEENTE

Kontak Ons

KERKKANTOOR BESONDERHEDE :
Tel 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak,
Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Offergawes en spesiale bydraes kan ook d.m.v. **SNAPSCAN** gegee word. As u 'n slimfoon het, is dit baie maklik. Laai net die **SNAPSCAN App** af en volg die instruksies.

DONDERDAG 22 MAART 2018
11:00 EN DIE AAND 18:30 BY DE OUDE CAAB GASTEHUIS.

HOOR GOD SE STEM IN BOEKE

Bring jou gunsteling boek saam!

Bespreek jou plek by die kerkkantoor: 021 975 6370